

LEWENSWETENSKAPPE: VRAESTEL II

EKSAMENNOMMER

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

ANTWOORDBOEKIE

Daar is (iv) bladsye in hierdie boekie.

VRAAG 1

Beantwoord hierdie vraag in die spasie wat daarvoor voorsien word. Plaas hierdie Antwoordboekie in die Antwoordboek waarin jy die res van die vraestel beantwoord.


- 1.1 Kies die term in Kolom B wat die beste by die beskrywing in Kolom A pas. Skryf die letter van die toepaslike term tussen die hakies in die spasie wat daarvoor voorsien word.
Elke letter kan slegs een keer gebruik word.

Kolom A

Kolom B

- | | | |
|---|------------------------|------|
| [] Die voortplantingshormoon wat op 'n konstante hoë vlak bly tydens swangerskap. | A Ovulasie | |
| [] Die oopbars van die follikel van Graaf. | B Oestrogeen | |
| [] Die vashegting van die ontwikkelende embrio wanneer dit in die endometrium insink. | C Plasenta | |
| [] Die algemeenste plek van bevrugting. | D Amnion | |
| [] Die proses waardeur die embrio groei. | E Progesteron | |
| [] Verantwoordelik vir die vervoer van fetale afvalprodukte. | F Meiose | |
| [] Verhoed die deurgang van patogene en dwelmmiddels. | G Implantering | |
| [] 'n Sterk membraan rondom die embrio. | H Uterus | |
| [] 'n Stof wat die embrio beskerm en buffer teen impakbeserings. | I Mitose | |
| [] Die geboorteproses word geïnisieer deur sametrekking van sekere spiere in hierdie orgaan. | J Oviduk | |
| | K Amniotiese vloeistof | |
| | L Naelstring | (10) |

1.2



Grafiek om die groeivorm van 'n bevolking aan te toon

- 1.2.1 Teken 'n lyn op die boonste grafiek in om die **drakapasiteit** aan te toon. (2)
- 1.2.2 Teken 'n paar pyle met byskrifte om die area van die grafiek aan te toon waar omgewingsweerstand plaasvind. (2)
- 1.2.3 Verskaf 'n voorbeeld van EEN beperkende faktor as die grafiek 'n groep dolfyne verteenwoordig.

(1)

1.3 Lees die volgende inligting en antwoord die vrae wat volg.



Perskes

Leerders ondersoek twee perskeboorde. Boord A het 20 perskebome met 'n byekorf naby daaraan. Boord B het 15 bome en geen byekorf nie. Hulle versamel sommige van die bloeisels tydens die lente en ondersoek dit en teken diagramme om die struktuur van die bloeisels (blomme) aan te toon. Later, in die somer, tel hulle die aantal perskes aan sommige van die bome. Die resultate is in die onderstaande tabel.

[Google foto's]

[Eksaminator se data]

Tabel: Aantal perskes per boom in twee boorde.

BOORD	Boom 1	Boom 2	Boom 3	Boom 4
A (Bye)	150	98	132	100
B (Geen bye)	54	100	66	0

[Eksaminator se data]

Skryf die letter van die mees korrekte antwoord vir Vraag 1.3.1 – 1.3.5 in die antwoordblokkie wat langs die vraag daarvoor voorsien word.

1.3.1 Die verhouding van die aantal perskes per boom in Boord A tot Boord B is:

- A 2400 : 3300
- B 98 : 100
- C 120 : 73
- D 480 : 220

1.3.2 Die afhanklike veranderlike in hierdie ondersoek is:

- A aantal perskes
- B aantal bome
- C teenwoordigheid van die byekorf
- D tyd van die jaar

1.3.3 Watter een van die volgende verteenwoordig 'n hipotese wat deur die tabel van resultate ondersteun kan word?

- A Die aantal perskes per boord sal dieselfde wees.
- B 'n Ondersoek om die aantal perskes per boom te bepaal.
- C Daar sal minder perskes in Boord A as Boord B wees.
- D In die boord met die byekorf word daar meer perskes geproduseer.

1.3.4 Van die data wat voorsien is, kan jy 'n redelike afleiding maak dat ...

- A die gemiddelde aantal perskes per boord dieselfde is.
- B daar meer water in Boord A as Boord B is.
- C die groter teenwoordigheid van bye verantwoordelik is vir die groter aantal perskes in Boord A.
- D bye niks te make het met bestuiwing nie.

1.3.5 Die akkuraatheid van hierdie ondersoek sal verbeter

- A deur meer leerders te gebruik om die perskes te tel.
- B deur die aantal bome wat getel word, te vermeerder.
- C deur 'n byekorf in Boord B te plaas.
- D deur meer bloeisel in die lente af te pluk.

(10)

- 1.3.6 In die spasie wat hieronder verskaf word, maak 'n skets van 'n lengtedeursnit van 'n blom soos byvoorbeeld 'n perske. Voorsien DRIE dele van die blom wat met geslagtelike voortplanting verband hou, van byskrifte.

Perskebloeisels



[Google Images]

(5)

- 1.3.7 Noem EEN voordeel van geslagtelike voortplanting in perskes.

(2)

- 1.3.8 Verduidelik noukeurig die verskil tussen bestuiwing en bevrugting.

(4)

- 1.3.9 Daar is 'n aantal verskillende variëteite (kultivars) van perskes. Hulle word geproduseer deur van ongeslagtelike voortplantingmetodes gebruik te maak. **Debatteer** kortliks die voor- en nadele in verband met die produksie van perskevariëteite wat deur sulke prosesse ontstaan.

(4)
[40]